

27 September

Skrifgedeelte 1 Korintiërs 13:1-7

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13:4-7

Toerusting in liefde: wat liefde *nie* is nie

Ons kry vier merktekens van wat liefde *nie* is nie: die liefde is nie “jaloers” nie, nie “grootpraterig” nie, nie “verwaand” nie en nie “liggeraak” nie.

“Jaloesie” beteken dat jy ’n weerstand kry teen iemand, ’n groep of ’n kerk, omdat hy of sy of hulle iets bereik wat jy nog nie bereik het nie. Jaloesie beteken weerstand omdat jy dink dat jy nie soos die ander een kan wees nie. Verhoudinge kan vanweë jaloesie breek. In die huwelik en kerk (mense) is jaloesie vernietigend! Jaloesie is nie agapé-liefde nie.

“Grootpraterigheid” beteken jy spog met iets wat jy bereik, ten koste van die ander een. Die Korintiërs het baie graag met hulle geestelike gawes gespog. Ongelukkig het hulle ook grootpraat leuens vertel. Grootpraterigheid wys op onsekerheid en ’n minderwaardigheidsgevoel. Dink maar net hoe jy baie keer by ander mense spog met iets in jou lewe of met iets van jou groep of van jou kerk. Grootpraterigheid is nie agapé-liefde nie.

Om “verwaand” te wees, beteken jy is opgeblaas met/van jouself. Die Korintiërs het baie graag hulleself bo ander verhef. Hulle het geen rede gehad nie, want hulle redding was net uit genade. Dit gebeur met ons ook. Jy is naderhand só vol van jouself dat jy hoogmoedig op jou maat, jou geliefde of jou medegelowiges neerkyk. Verwaandheid is nie agapé-liefde nie.

Om “liggeraak” te wees, beteken dat jy so verskriklik fyngevoelig is, dat jy jou baie vinnig ontstel en vererg. Jy interpreteer ander mense se boodskap en maak ’n verkeerde afleiding. Jy kan nie kritiek vat nie en die bom bars. Liggeraaktheid is nie agapé-liefde nie.

Kom ons bid dat die Heilige Gees ons lei om eerlik te wees oor die dinge wat agapé-liefde *nie* is nie. Bely dit voor die Here. Mōre leer ons wat liefde wél is.

Sing: Skrifberyming 9-4:4

Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)